Tradisies en gebruike by 'n huweliksbevestiging.

Die gedagtes in hierdie stuk fokus op gebruike by huweliksonthale. By so baie huwelike beleef mense die wonderlike teenwoordigheid van die Here tydens die erediens gedeelte in 'n kerkgebou en kapel om dan net daarna in 'n onthaalsaal net mooi die teenoorgestelde te beleef. Dit beteken nie dat mens die feeskarakter van 'n huweliksonthaal moet demp nie, maar dit behoort 'n feestelike voortsetting te wees van wat in die erediens gebeur het: die Here is ook die eregas by die onthaal. Alles is gewoonlik so keurig en mooi voorberei en beplan en dan doen mense die aakligste dinge wat 'n streep trek deur al die mooi en heiligheid van die seremonie.

Kies julle seremoniemeester versigtig. Praat die hele onthaal met hom deur en gee baie duidelike riglyne oor wat julle wil hê en hoe julle dit gedoen wil hê. Dis julle troue en nie die geleentheid vir die seremoniemeester om die aandag op homself te trek en te doen te sê wat hy wil nie. Gee duidelike riglyne oor grappe: suggestiewe en onder die belt grappe is uit!

Riglyne oor die gooi van die kousband en die bruidsruiker: Hierdie twee gebruike is iets wat nie vroeër jare deel was van huweliksonthale nie. Dit het die afgelope jare ingesluip en dit lyk of pare glo dat dit amptelik deel van 'n onthaal moet wees. Behalwe dat die oorsprong van hierdie gebruike heidens kulties is en die geluksgod eer, doen dit geweldig afbreek aan die spesiale, meesal deftige, stylvolle karakter van 'n huweliksonthaal. Jong ongetroude dames verloor hulleself (en dikwels van hulle klere ook...) in 'n poging om die ruiker te vang. Dit getuig gewoon van swak smaak. 'n Bruidegom wat respek het vir sy bruid se liggaam en privaatheid behoort dit nie aan haar te doen om haar op 'n stoel te laat staan en onder haar rok in te klim om 'n kousband van haar been af te haal terwyl 'n klomp ongetroude mans staan en toekyk en jy nie weet wat in hulle gedagtes omgaan nie. Dikwels maak hulle onvanpaste opmerkings. Dit hoort nie by 'n huweliksonthaal van Christene nie. Sit die kousband om en laat hy dit afhaal na die troue waar julle twee alleen is in 'n romantiese atmosfeer, maar nie blootstellend voor 'n gehoor nie! Oorhandig die ruiker aan die egpaar by die onthaal wat die langste getroud is, en eer daardie mense as 'n voorbeeld vir julle. So kan 'n mens baie kreatief wees en 'n onvergeetlike karakter verleen aan die mooiste dag in jou lewe.

Die deurslaggewende faktor by elke aksie by die onthaal moet wees of die Here daardeur vereer sal word. Per slot van sake gaan dit eintlik alles oor Hom en sy eer.